LEWE

 [’n Broer stel Broer Branham voor—Red.] Dankie.

2 Laat ons net ’n oomblik bly staan vir gebed, as julle sal. Sal ons ons hoofde buig terwyl ons bid.

3 Dierbare God, ons is, inderdaad, dankbaar teenoor U, vir hierdie groot voorreg om onsself te vergader en U te aanbid. En ons sou vra dat U seëninge sal voortduur, Here, op hierdie diens vanaand. En ons bid dat die Heilige Gees Sy posisie sal inneem by elke sitplek en elke paadjie, en mag mans en vroue bewus word van Sy Teenwoordigheid.

4 En as daar sonde in ons midde is, Here, vergewe ons, en as daar siekte is, genees ons; en ontvang eer uit die diens, Here. En nou, wanneer ons U Woord lees, bid ons dat U U Woord sal seën, en mag ons gemeenskap hê rondom die Woord. Want ons vra dit, in die Naam van U Seun, die Here Jesus. Amen.

5 Julle mag maar sit. Ek het net ’n bietjie vroeg gekom vanaand en het daaragter gesit op een van die—die banke, toe ek daardie goeie, outydse sang gehoor het, die koor, en die—die musiek. Goeiste, ek het gedink miskien was die Millennium omtrent gereed om te begin, dit het baie goed geklink. As daar enigiets is waarvan ek hou, is dit goeie sang. En ek wens dat . . . Ek het altyd gedink ek wil hê die Here moet vir my ’n stem gee om te sing, ek—ek kan net skaars ’n vreugdevolle geraas maak.

6 So maar, as julle ’n afspraak met my wil hê, sodra die lewe verby is, en dit alles klaar is, is daar ’n . . . waar die rivier van die Lewe onder die troon uitkom, afkom, aan *hierdie* kant, en om die berg van—van verlossing gaan, en waar die bome aan elke kant van die berg is, daar ’n koor aan daardie kant sing, al die groot stemme wat daar oorkant sing, daar sal Sankey wees, en almal van hulle daar oorkant wat sing, en oorkant aan hierdie ander kant, is daar ’n boompie, ek sal onder daardie boom sit en luister. So nou, dis waar ek wil wees om daardie groot, Engelekoor te hoor aansluit by die sterflinge.

7 Maar julle weet, ek het gedink dat die Engele wanneer Jesus kom . . . En een gesang waarby ek wil wees, die groot gesang, is om die tyd te hoor dat wanneer ons op hierdie aarde staan en die liedere van verlossing sing, Engele sal net buite staan, van die aarde af, met geboë hoofde, sonder om te weet waaroor ons sing. Hulle het nie nodig gehad om verlos te word nie, ons is diegene wat sal juig, ons was diegene wat verlore was, en nou is ons gevind, en ons sal die verlossingsverhale sing, wanneer hulle dit nie eens sal verstaan nie, hulle sal net staan met geboë hoofde, en luister hoe ons sing. Sal dit nie ’n wonderlike tyd wees nie? O, ek verlang om dit te sien!

8 Ek hou van goeie sang, maar dis een ding waarvan ek nie hou nie, is 'n ooropgeleide stem. Hmm! Ooropgelei: een wat hulle asem net so lank ophou, tot hulle blou raak in die gesig. Julle weet hulle sing nie vir die Here nie, hulle probeer net sien hoe lank hulle hulle asem kan ophou.

9 Daar's niks mooier as outydse, Pinkstersang, met die glorie van God in die diens nie. Dis regte vreugde vir my hart, en ek was so bly om myself te verfris in die teenwoordigheid van daardie goeie sang vanaand. Die Here seën julle, en hou aan daarmee.

10 Gisteraand het ek gedink ek het julle soort van 'n bietjie vermoei, deur net 'n bietjie lank te wees, en ons, ons—ons uitgerekte program. Ek het die voorsitter net nou ontmoet, 'n broer, en hy het gesê: "Nee, Broer Branham, dit was in die haak, ons sluit nie ons kerk tot tienuur nie." Hy moes dit miskien nie vir my gesê het nie. Maar ek sal probeer vinnig maak vanaand, omdat dit 'n aand is, evangelistiese aand, en môre, wel, en môre-aand, gaan ons weer reguit in die prediking en gebed vir die siekes in.

11 Nou, vanaand wil ek praat uit 'n teks uit die Skrif. En ek hou net daarvan om die Woord te lees. Het julle nie die Woord lief nie? Hoeveel Bybellesers is hier? Steek net julle hande baie hoog op. O, dis goed.

12 En om af te kom wanneer . . . Gewoonlik, voor ons kom vir daardie salwing om, vir die gebedsry, moet ek afgesonder bly, vas en bid, maar wanneer jy dit nie hoef te doen nie, om af te kom om net te praat, voel jy net anders, julle weet, dis dieselfde Gees, maar 'n ander werking.

13 En nou, ek hou daarvan om die Woord te lees, want die Woord is God se Woord, en God is net so goed soos Sy Woord is. En nou wil ek graag lees uit die Boek van Psalms, die 63ste Psalm, en ek wil die eerste drie verse lees:

> *O God, U is my God; U soek ek: my siel* dors *na U, my vlees smag na U in 'n dor en uitgedroogte land, sonder water;*
>
> *So het ek* dit *in* U *heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerliheid te sien.*
>
> *Want U goedertierenheid is beter* vir my *as die lewe, my lippe moet U prys.*

Ek hou baie van daardie 2de vers:

> *So het ek u in* U *heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerliheid te sien.*

14 Maar die onderwerp sou vanaand wees in die 3de vers:

> *Want u goedertierenheid is beter as die lewe, my lippe moet u prys.*

15 En ek wil praat oor die onderwerp vir omtrent twintig of dertig minute van: *Lewe*.

16 Lewe is wat ons beheer. Ons word geken deur die lewe wat ons lei. En daar is gesê dat "Jou lewe so hard praat dat ek nie jou getuienis kan hoor nie." So daarom om 'n preek te lewe, sou baie beter wees as om een te preek. Die lewe wat jy lei, wys watter karakter jy is, want jou lewe bou altyd jou karakter.

17 En Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte, sal julle hulle ken." So maak nie saak wat ons sou sê, of hoeveel ons sou getuig nie, as ons lewens nie ooreenstem met daardie getuienis nie, doen ons die Koninkryk van God 'n oneer aan deur daardie getuienis te gee, omdat mense weet wat ons is.

18 En ek het dikwels gedink by 'n begrafnisdiens, om 'n man die begrafnis van een of ander persoon te hoor preek wat goddeloos gelewe het, en nooit enigiets reg gedoen het nie, en tog preek asof hulle 'n groot persoon was wat reguit Hemel toe gegaan het, nou, maak nie saak wat jy ooit sou sê nie, die mense het alreeds hulle opinies gevorm deur die lewe wat daardie karakter agtergelaat het.

19 En ek hou daarvan om te dink aan Longfellow net hier, toe hy gesê het:

> Afskeid laat agter ons
> Voetspore in die sand van die tyd.

Dis die *Psalm van die Lewe*. O, ek dink dis pragtig!

20 Nou, die Christenkerk behoort dan ware karakter te hê. En as die Lewe van Christus in die Kerk van Christus is, dan moet Dit die karakter van Christus hê, Dit sal die Lewe van Christus voortbring; dis net niks meer as wat ons in die suide noem, gesonde verstand nie. As die Lewe van die Gees van Christus in die Kerk is, moet Dit daardie Lewe voortbring, want die lewe wat in jou is, maak jou karakter.

21 En watter soort karakters behoort ons te wees, wat plegtig belowe het dat ons die Here Jesus sou dien solank ons lewe, en ons is gedoop tot Sy dood, begrafnis, en opstanding, en ons name op die kerk-rol gesit het, ons plek in Sondagskool ingeneem het, en dan uitgaan, en iets anders lewe? O, dis 'n groter—dis 'n groter hindernis vir die saak van Christus as al die dranksmokkelhuise wat ons in Amerika het! God gee die dag, dat wanneer mense sal lewe net wat hulle is. En jy kan hulle altyd uitken aan hulle natuur, hulle geaardheid.

22 Nou, jy kan nie 'n—'n duif en 'n kraai laat saamstem nie. Al was hulle albei voëls en het op dieselfde slaapplek in die ark gesit, albei van hulle is voëls, hulle het albei vlerke gehad, maar toe die kraai losgelaat is, was hy tevrede om die dooie karkasse te vreet, wat rondgedryf het van plek tot plek, en hy het nooit weer teruggekeer na die ark toe nie; maar toe die duif uitgegaan het,

kon sy geen rus vind vir haar voetsole nie, so sy moes terugkom. Sien, die duif kan nie saam met die kraai vreet nie.

23 En die kraai is 'n skynheilige, hy kan sy eie kos vreet, en oorgaan en vreet saam met die duif, ook; maar die duif kan nie duifkos vreet en oorkom en kraaikos vreet nie. So dis hoe dit is met skynheiliges, hulle kan in die kerk inkom, en net juig soos die res van hulle, en reguit uitgaan in die wêreld en weer eet; maar 'n ware Christen kan net die Kos van God eet.

24 Waarom kan die duif nie aas en goed van die ou aarde, en die ou karkas vreet nie? Is omdat dit is soos die duif gemaak is. Die duif is een voël wat nie enige gal het nie. As daardie duif sou vreet aan 'n ou karkas, sou daardie duif sterf, onmiddellik, want dit het nie enige gal nie, dit kan net nie daardie goed verteer nie.

25 En 'n man of 'n vrou wat ooit gebore is uit die Gees van God kan net nie die dinge van die wêreld eet en sonde verdra nie, want hulle het nie meer gal nie, hulle is anders gemaak. En ons word altyd geken aan die lewe wat ons lei.

26 'n Tyd gelede onder in die Suide toe hulle slawerny gehad het, mense geneem het en hulle verkoop het net soos jy 'n outomobiel sou, en daar sou hulle, het baie gehad, soos jy vandag sou hê, gebruikte motors, makelaars het verbygekom en sou slawe koop. Miskien het *hierdie* plantasie 'n honderd slawe gehad, en een of ander makelaar sou verbykom, en sê: "Daardie groot kêrel, ek sal hom neem." En *hier* oorkant, het hy 'n groot vrou gehad, miskien nie sy vrou nie, hulle geteel, groter slawe te maak. En hulle sou rondgaan en hulle koop, net soos jy met 'n dier sou maak.

27 En eendag, het 'n sekere makelaar by 'n plantasie aangekom, en hy het gesê: "Hoeveel slawe het jy?"

En hy het vir hom gesê: "'n Groot getal."

"Enige te koop?"

Gesê: "Kyk na hulle, en waardeer hulle." En hy het gekyk . . .

28 En natuurlik, die slawe is hiernatoe gebring van Afrika af deur die Boere, en hulle is aan die suidelike mense as slawe verkoop. En hulle was hartseer, hulle sou nooit weer teruggaan huis toe nie, hulle sou weg van hulle eie land af moes sterf, hulle sou nooit weer hulle vader, of hulle moeder, sien nie, partymaal hulle kinders of hulle vroue, broers of susters, hulle sou hulle nooit weer sien nie. So, hulle was baie hartseer, hulle was in 'n vreemde land by vreemde mense. En die witmense sou, slaweeienaars, sou hulle partymaal slaan om hulle te laat werk, net soos hulle die perd sou slaan, en hulle moes hulle aanjaag om dit te doen.

29 Maar hierdie sekere plantasie waar hierdie makelaar was, het hy een jong kêrel daar opgelet, dat hulle hom nie hoef aan te gejaag het nie, hy het sy bors uitgesteek gehad, sy ken regop, hy was net reg op die plek, enige tyd, hulle hoef hom nie te geskel

het of enigiets vir hom te gesê het nie. So hierdie makelaar het vir die slawe-eienaar gesê, die plantasieman, hy het gesê: "Ek wil daardie slaaf koop."

"O," het hy gesê: "hy's nie te koop nie."

Hy het gesê: "Wil jy . . . ? Is hy die baas oor die res van hulle? Hy's so anders!"

Gesê: "Nee, hy's net 'n slaaf."

"Wel," gesê: "miskien voer jy hom beter as die res van hulle."

Gesê: "Nee, hy eet buite in die kombuis saam met die res van die slawe."

Hy het gesê: "Wel, wat maak hom so anders as die res van hulle?"

30 Hy het gesê: "Ek het self gewonder, totdat ek die waarheid uitgevind het." Hy het gesê: "Daardie seun is die seun van die koning van die hele stam, sy vader is die koning van hulle almal. En al is hy 'n vreemdeling, weg van die huis af, weet hy steeds dat hy 'n koning se seun is, en hy gedra homself so."

31 O, wat behoort ons te wees as seuns en dogters van God? Hoe behoort ons onsself te gedra in hierdie huidige wêreld van sonde en slawerny? Ons karakters en ons optrede behoort die hoogste te wees om die moraal van die res van hulle hoog te hou, want ons is uitlanders, en ons is vreemdelinge en bywoners, maar ons Vader is die Koning.

O, Hy's ryk met huise en lande,
Hy hou die rykdom van die wêreld in Sy hande!

32 O, ek is so bly om 'n seun van daardie Koning te wees!

33 Nou, toe ek die eerste keer hierdie Skrif hier gelees het, het ek gedink: "Waarvan praat die profeet? Hy het gesê: 'U goedertierenheid is beter vir my as die lewe.'"

34 Nou, ek kan nie aan enigiets beter as lewe dink nie. En daar's net een soort Ewige Lewe, dit kom van God af. En God het geen begin gehad nie, so Hy het geen einde nie. Daardie groot Gees, ons sou Dit die—die kleure van die reënboog noem, die beste manier wat ek dit kon illustreer: Een was die Gees van liefde, die ander een, die Gees van geregtigheid, ensovoorts, die sewe Geeste van God waaruit God bestaan.

35 En enigiets . . . Ons sal neem soos die woord *liefde*, daar's twee verskillende woorde, ons noem *liefde* soos ons vir jou vrou het, wat in die Griekse woord *phileo* genoem word, en die liefde wat jy vir God het, is *Agapao*. Nou, phileo liefde, soos jy vir jou vrou het, is 'n verdraaide liefde, dan van daardie soort liefde af, verdraai dit weer na wellus, en verder af. En al daardie soort goed moet 'n einde hê, om terug te kom na dit wat geen begin of einde het nie. Nou toe, het Agapao al die pad afgekom van die

hoogste na die laagste, om Sy skepsel te verlos en hom terug te bring na homself.

36 O, geen wonder dat mense dit nie eens kan uitdruk nie! Een het gesê:

> As ons die oseaan met ink vul,
> En was die hemele van perkament gemaak;
> En was elke stingel op aarde 'n veer,
> En elke mens 'n skrywer van beroep;
> Om die liefde van God Daarbo te skryf
> Sou die oseaan drooglê;
> Nóg sou die boekrol die geheel kon bevat,
> Hoewel gestrek van hemel tot hemel.

37 Niemand sal ooit weet, wat Agapao liefde beteken het om neer te daal, en om af te kom na die laagste dieptes van die laagste hel, om die gevalle skepsel te bring, vanaf 'n skepsel van tyd, na 'n skepsel van Ewigheid nie. Ons kon dit nie uitdruk nie.

38 Maar ek het gedink, soos hy gesê het: "'U goedertierenheid is beter as die lewe.' Wat kan beter wees as die lewe? Al die res het 'n einde, maar lewe het geen einde nie, so wat kan kosbaarder wees as lewe?" So ek het hierdie soort van 'n idee gekry van wat Dawid gesê het, en hy moes van 'n ander soort lewe gepraat het.

39 Nou, die *lewe* het baie interpretasies, en ons let op dat *lewe* somtyds 'n interpretasie soos hierdie het: "O, ons geniet net regtig die lewe!" Dis nie lewe nie. Iemand het gesê: "Net erg gefuif," en gesê: "dit is die lewe."

40 'n Paar maande gelede was ek in 'n groot stad, en ek het 'n diens gehou, en daardie aand, was dit in 'n ander volk, Kanada, en daardie aand, 'n sekere organisasie van Amerika, hulle het hulle konvensie daarbo gehad. En ek het opgelet soos ek hierdie groot, reuse hotel verlaat het, het daar baie mense gekom, die Amerikaners het ingestroom, en hulle het gedrink, en vroue en mans, net dieselfde. Na my dienste verby was die aand, het ek in die hysbak geklim, en begin opgaan, en die whiskybottels was oral, en ek het vir die hysbakman gesê, ek het gesê: "Dit lyk asof iemand beslis gedrink het."

41 Hy het gesê: "Hulle het beslis." En hy het gestop, net omtrent die agtste of tiende vloer, om my uit te laat, en toe ek uitgekom het, ek was alleen saam met die man in die hysbak, toe ek uitgestap het, het ek iets in die gang gehoor. En soos ek uit die klein—die klein plekkie uitgekom het waar ons uit die hysbak uitgekom het, het ek in die gang afgekyk, en ek het nog nooit so 'n geraas gehoor nie, van al die vuil woorde wat ek ooit gehoor het. En ek het net 'n oomblik gestop.

42 O, hierdie is skokkend! Twee jong dames, omtrent, o, in hulle laat twintigs of vroeë dertigs met net hulle onderklere aan, altwee vroue getroud met trouringe, en hulle het 'n groot bottel

whisky gehad, en hulle het dit vir mekaar aangegee, en toe hulle onderklere opgetrek en geskree.

43 En weet julle wat? Miskien 'n man by die huis wat na die babatjie gekyk het, terwyl hulle "'n bietjie, onskuldige pret gehad het." Dis sonde! En omgekeerd, 'n vrou by die huis wat na die babatjie kyk, terwyl haar man daarbo was saam met haar "bietjie, onskuldige pret gehad het." Dis walglike, goddelose, vuil sonde! En die beloning daarvan is die dood, skeiding van God vir ewig.

44 En hier het hulle in die gang afgekom, en een man wat hulle gegryp het, wat *hierdie* kant toe trek, en 'n ander een *daardie* kant toe, die man by die deure uit. Ek het net teruggetree en net 'n oomblik dopgehou met my Bybel. En uiteindelik, toe hulle losgeraak het van die laaste man. . . En hy het op die vloer gespoeg, en moes inklim op sy hande en knieë om agter in die kamer te kom, en iemand wat whisky bo-oor hom gooi, hom inbring.

45 O, so 'n goddelose gesig! En ek het daarna gekyk en ek het gedink: "O God!" Ek het hierdie twee pragtige, klein vroutjies gesien, met net hulle onderklere aan, en hulle het net 'n bietjie bo my gestop, en hulle het die bottel probeer aangee, die een vir die ander, en een het afgebuk en haar rompie opgetel, en haar voete in die lug opgeskop, en sy het gesê: "Whoopee! Dit is die lewe!"

46 Ek kon dit nie langer uithou nie, ek het vorentoe getree, ek het gesê: "Suster, jy's verkeerd, hierdie is die dood!"

47 So, *lewe* het meer as een interpretasie. Die Bybel het gesê: "Sy wat in plesier lewe, is dood terwyl sy lewe." Dis wat God gesê het.

48 En sy het oorkant toe gekyk, en sy het die bottel geneem, ek het gesê: "Net 'n oomblik," hierdie selfde Bybel in my hand, sy het haar oë gerek en na my gekyk, ek het gesê: "Ek's 'n Evangelie prediker, en ek's ook 'n Amerikaner, maar ek is amper skaam vir my land, dat julle hiernatoe gekom het en dit verteenwoordig op die manier wat julle dit doen." En ek het gesê: "Skaam julle!" Hulle het die bottel laat val, en hulle het in die gang afgegaan, so vinnig as wat hulle kon gaan. Hulle het gedink hulle lewe, maar hulle was dood in sonde en oortredinge. O, wat 'n toestand!

49 In Hamilton, Ohio, onlangs, het ek 'n diens gehou, en hulle het opgegaan tot by sewe, agt, tienduisend mense, en ek moes buite die stad bly. Ons het geëet by 'n klein Dunkard restaurant, die dames was skoon en aangenaam, soos hulle ingekom en bedien het, en alles wat net so ordentlik gelyk het, wel, ons het dit geniet. Sondag het gekom, en Sondagmiddag, sou ek preek, Dr. Baxter was, het my laat—laat preek, wat die veldtogbestuurder was, ek sou Sondagmiddag preek, dan wag tot Sondagaand vir die genesingsdiens. Ek het honger geraak, ek het gedink: "Ek

dink ek sal iets gaan kry om te eet, net 'n toebroodjie, my soort van te laat uithou."

50 En soos ek by die deur uitgegaan het, die klein Dunkard restaurant, het hulle toegemaak, en hulle het kerk toe gegaan. En ek het net aan die oorkant 'n tipiese, klein padkafeetjie gesien met toebroodjies en goed, ek het daar ingestap. En toe ek ingestap het, was daar 'n polisieman met sy arms om 'n vrou, wat 'n dobbelmasjien speel, en dobbel is onwettig in Ohio. En 'n man van my ouderdom, wat, miskien, 'n getroude man was met 'n klomp groot kinders. Ek het afgekyk na die ander kant toe, daar was 'n jong tienermeisie wat by 'n klomp van daardie motorfiets-baadjie-kêrels gesit het, met, julle weet, met hulle klere wat halfpad uitgehang het.

51 En God seën daardie man in daardie kollege die ander week, wat daardie klomp rampokkers reggesien het, hy het gesê: "Julle sal óf ander klere dra, óf uit hierdie skool uitgaan!" As meer mans meer Amerikaanse gees en ruggraat gehad het soos daardie, sou ons beter skole hê en minder jeugmisdaad, messteke op straat, en dinge.

52 En hier het hulle daaragter gesit, en die klein tienermeisietjie, en haar romp wat afhang, en daardie kêrels met hulle arms om haar heupe en dinge, ek het gedink: "O genade! Laat ek hier uitkom."

53 En soos ek omgedraai het om te kyk, was daar 'n ou ouma, kon vyf-en-sestig gewees het, maklik, indien nie meer nie, haar vel was vol plooie, en sy het daardie manikuur op haar lippe gehad, of, wat jy die goed ook al noem, blou-kleurig, en die dametjie met haar hare gesny en kroes, en 'n paar van hierdie ou, goddelose kleertjies aan, wat by twee ou mans sit, dit was somertyd, en een van hulle met 'n groot lang, staatsjas aan. En hulle het hulleself verskoon en uitgegaan.

54 En ek het gedink: "God, hoe kan U uithou om na sonde te kyk? As dit my, 'n sondaar gered uit genade, so sou laat voel, wat doen dit aan 'n Heilige God? Lyk asof U net die ding sal vernietig."

55 En terwyl ek daarna gekyk het, het ek agter die deur ingestap en begin uitgaan, en daar het 'n visioen voor my gekom: Ek het die wêreld gesien, en om die wêreld was daar 'n sproei, en dit het rooi gelyk. En toe meteens, het ek, deur die visioen, die Here Jesus gesien, en sondes het Hom getref, en dit was my sondes, en dit sou tref van een kant na die ander, soos 'n buffer aan 'n motor. En elke keer wat ek iets sou doen, sou dit Hom tref. En Hy het na my gekyk met moeë oë, ek het gesê: "My God, het ek dit veroorsaak?" Ek het gekyk en daar was my boek oop, my naam bo-op, allerhande donker strepe daarin, en ek het gesê: "Here Jesus, vergewe my."

En Hy het met Sy vinger aan Sy sy geraak, en daarop geskryf: "Vergewe," en dit agter Hom gegooi.

En ek het gesê: "O Here God, ek weet regtig nie wat om te sê nie! Ek het U net lief daarvoor."

Hy het gesê: "Nou, Ek vergewe jou jou sondes, maar jy wil haar opblaas."

56 En ek het die vrou gesien, ek het uit die visioen uitgekom, ek het na haar toe geloop, en ek het gesê: "Aangename kennis?"

En sy het gesê: "Aangename kennis?" Sy het gedrink, amper dronk.

En ek het gesê: "Kan ek maar sit?"

Sy het gesê: "Dankie, maar ek het geselskap."

Ek het gesê: "Ek het dit nie so bedoel nie." Ek het gesê: "Mag ek net 'n oomblik met jou praat?"

Sy het gesê: "Jy mag."

57 Ek het gesê: "Ek het daar by daardie deur gestaan, wou weet waarom God jou nie doodgeslaan het nie." En wou weet of my klein Sarah en Rebekah, wanneer hulle vroue word, of hulle grootgemaak sal word onder sulke goed soos daardie. En ek het haar vertel van die visioen.

Sy het gesê: "Ek sien dat jy 'n prediker is."

Ek het gesê: "Ek is." Ek het gesê: "My naam is Branham."

Sy het gesê: "O, jy's die Mnr. Branham daaronder by die wapenkamer."

Ek het gesê: "Ja, mevrou." Ek het gesê: "Ek's jammer dat ek dit gesê het, of, dit in my hart gedink het."

58 En sy het begin huil, en toe het sy my aan die hand gevang, sy het gesê: "Prediker, ek gaan jou iets vertel, ek is grootgemaak in 'n Christenhuis, en my pa was 'n Baptiste prediker." En sy het my vertel van haar huwelik met 'n seun wat gedrink het, en sy het toe twee dogters gehad wat getroud was en kinders gehad het, hulle was almal Christene, maar sy het die verkeerde gekies, en sy het gesê: "Ek neem aan dis verby vir my."

59 Ek het gesê: "Nee! Solank jy lewe het, het jy hoop, want die Bloed van die Here Jesus omring hierdie wêreld, en God kan nie jou sondes sien nie. Maar eendag wanneer jou lewe uit daardie Bloedsirkel uitgaan, dan het jy jouself alreeds geoordeel."

60 En daar op die vloer in daardie ou plekkie, het ek die voorreg gehad om daardie kosbare siel na die Here Jesus toe te lei, haar verheug terug te stuur huis toe.

61 O, die dieptes van die liefde van Ewige Lewe wat God begeer om vir Sy mense te gee! Dit was 'n veranderde lewe, sy het gedink sy lewe daar oorkant, maar sy was sterwend. Nou lewe sy en

sal vir ewig lewe, omdat sy Ewige Lewe het, uit die dood na die Lewe.

62 Nou, party mense dink dat drink, en rook, en dobbel, en, o, probeer die dinge doen wat hulle in gefuif doen, hulle dink dat dit lewe is, maar dis dood. En wat laat hulle dit, in elk geval, doen? Hier's die rede waarom hulle dit doen: Omdat God 'n mens gemaak het om te dors.

63 Jy is gemaak vir daardie doel. Elke orgaan in jou liggaam is gemaak vir 'n doel, alles is vir 'n doel. En God het 'n mens gemaak om te dors, want Hy wou hê hy moes na Hom dors, maar die duiwel het dit verdraai, en hy probeer jou iets anders laat dink, en probeer daardie salige heilige dors les deur dit met sonde te vul. Hy gee jou dood in plaas van Lewe, dis 'n verdraaide lewe, dit kan nie die regte Lewe wees nie. En die duiwel doen dit, omdat God jou gemaak het om te dors, maar te dors na Hom.

64 Daardie klein vlammetjie in julle wat maak, wat wil juig, op die dansvloer klim, en aangaan, dis verdraaid, daardie ding wat jou laat drink, en maak soos die mense maak, wat, die duiwel probeer sonde neem en daardie God-gegewe dors les, wanneer God jou gemaak het om na Hom te dors. En jy kan nooit tevrede wees totdat God inkom en daardie dors les nie. O, hoe durf jy probeer om daardie salige, heilige dors te les met die dinge van die wêreld, wanneer God dit vir jou gegee het om na Hom te dors!

65 Nou, ek hoop nie ek maak enigiemand se gevoelens seer, behalwe as dit geregverdig is nie, maar ek wil julle net aan 'n paar dinge herinner. Wat het onlangs met die kerk gebeur? Die kerk was altyd 'n afgesonderde volk. Ek het nie geweet met watter groep ek gepraat het, totdat die man vir my hier gesê het ek het met Pinkstermense gepraat nie. Nou laat ons net 'n bietjie teruggaan, julle weet, 'n paar jaar gelede, was dit verkeerd vir Pinkstervroue om hulle hare te sny. Wat het gebeur? As dit toe verkeerd was, is dit nou verkeerd.

66 Nou, jy sê: "Wel, my pastoor . . . "

67 Wel, jy het 'n nuwe pastoor nodig. Die Skrif sê as 'n vrou haar hare sny, onteer sy haar man. En as sy ontugtig is, moet sy geskei word.

68 Julle sal nie hierna van my hou nie, maar ek gaan eerlik wees, dat op die Oordeelsdag, ek nie wil staan by daardie lafhartige groep, wat skaam was om julle te vertel nie. Preek is nie 'n etekaartjie nie, dis 'n verantwoordelikheid teenoor God om die waarheid te vertel.

69 En dit was altyd verkeerd vir Pinkstervroue om daardie grimering te dra, manikuur goed op hulle gesig. Dit was altyd! Moenie vir my sê nie, ek onthou. En julle Vrye Metodiste, en julle Sendeling Baptiste, en Pelgrim Heiligheid, en Nasaréners, dit was altyd verkeerd. Wat het gebeur?

70 Soos ou broer, Metodiste predikervriend van my, met die naam van Kelley, en hy het altyd 'n liedjie gesing:

Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak,
Ons het toegegee vir sonde.
Ons het die standaarde laat sak, en die skape het uitgekom,
Maar hoe het die bokke ingekom?

71 Dis omdat ons die standaarde laat sak het! Julle is veronderstel om 'n ander volk te wees, 'n eienaardige volk, 'n uitgeroepte volk, 'n afgesonderde volk, mense wat wandel volgens die dinge van die Gees, en nie die dinge van die vlees nie.

72 O, ons was altyd onder op die hoek met die kitaar, en 'n bietjie verlossing; en vandag, is ons in 'n yslike groot, mooi, half-miljoen, twee-miljoen-dollar katedrale, met 'n groot klomp geloofsbelydenisse, soos die ou, koue formeles waarvan ons altyd gepraat het. Pot kan nie die ketel verwyt nie. Dis reg.

73 En julle Pinkstervroue sal julle dogters daardie ou, vulgêre kleertjies laat aantrek en uitgaan op die straat, dan praat van jeugmisdaad. Nie net doen húlle dit nie, maar, mamma, jy doen dit, ook.

74 "O," sê jy: "ek dra nie daardie kortbroeke," ek dink mens dit noem dit so: "en halternekke nie, ek—ek—ek dra hulle nie, ek dra langbroek."

Die Bybel het gesê dat 'n vrou wat 'n kledingstuk sal aantrek wat by 'n man hoort, dis 'n gruwel in die oë van God. Dis wat die Bybel gesê het.

75 En vandag, neem jy vroue wat in die straat afkom met hierdie ou rompies aan wat so styf is, en so wulps aangetrek is, en hulleself Christene noem! Tree nie veel op soos die Koning van die Hemel se dogter nie, gedra julleself nie so nie. En kyk, laat ek vir jou iets vertel, suster, en ek sê dit net vir jou beswil: Wanneer die Oordeel kom, gaan jy antwoord vir owerspel pleeg.

76 Jy mag so rein soos 'n lelie wees vir jou man, of vir jou kêrel, maar wanneer jy klere aantrek soos daardie en uitstap op die strate, as 'n sondaar na jou kyk en jou begeer, het die Bybel gesê dat hy owerspel gepleeg het met jou in sy hart, en by die Oordeelsbank gaan jy antwoord vir owerspel pleeg, omdat jy jouself so aan hom vertoon het. Jesus het dit gesê.

77 Wie is skuldig, jy of die sondaar? Jy is. Hy's 'n vark en in wese 'n vark, hy is nog nooit bekeer nie. Maar as hy antwoord vir owerspel pleeg, met wie het hy dit gepleeg? "Wie ook al," sondaar of gelowige, "kyk na 'n vrou om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart." Dink daaraan.

78 "O," sê jy: "Broer Branham, dis die enigste soort klere wat hulle maak."

79 Hulle het nog altyd naaimasjiene, daar's geen verskoning daarvoor nie. Julle weet dis reg. Tree dit op soos 'n dogter van die Koning?

80 "Wel," sê julle: "Die res van hulle doen dit."

Maar jy's anders, jy's 'n vreemdeling, jy behoort jouself te gedra soos die dogter van die Koning.

81 En hierdie vroue hier, mag sê: "Broer Branham, ons het gehoor jy was 'n vrouehater, so nou weet ons jy is!"

Dis nie so nie. Ek's 'n liefhebber van die Here Jesus, en verantwoordelik vir Sy Woord.

82 Sê: "Waarom pik jy op ons vroue?"

83 Goed, julle mans, hier is julle: Enige man wat sy vrou sigarette sal laat rook, en kortbroek dra, wys waarvan hy gemaak is, hy's geen man nie, hy het nie 'n ons in hom nie. 'n Seun van God, die hoof van die huis! Dis reg. Nou, julle weet dis die waarheid. Dit wys waarvan julle gemaak is . . . *Man* word nie gemeet aan spiere nie, dis dierlik, dier, *man* word gemeet aan karakter. En as jy 'n seun van God is, word jy gemeet aan jou karakter. En jy's veronderstel om die heerser van die huis te wees, en God sal jou verantwoordelik hou vir wat sy doen. Maar sy's 'n god in Amerika.

84 En julle onthou ek het alreeds voorspel in 1933, 'n vrou sou hierdie volk regeer voor die chaos, die vernietiging. Sien haar gesig op die geld, sy's alles, sy's 'n godin, sy's . . . Hollywood het dit gedoen. Die rede waarom dit gebeur, is omdat julle by die huis gebly het op Woensdagaand van die biduur af, om een of ander ou vuil vertoning van *Ons Is Lief Vir Susie* te kyk, of so-iets; gewys wat in jou was van die begin af.

85 En julle vroue, in plaas van julle bidure in die oggend te hê, die tienuur biduur, bly julle by die huis om een of ander vulgêre goed, en vuil grappe te kyk, soos daardie Arthur Godfrey of Elvis Presley, 'n aasvreter wat vreet aan die karkas van hulle eie mense.

86 Net een verskil tussen Elvis Presley en Judas Iskariot: Judas het dertig silwerstukke gekry, en Elvis het 'n miljoen dollar en 'n vloot Cadillacs gekry. Hy's 'n verraaier van Christus, en tog, word hy amper 'n god, vir die tiener, wat opwerk in so 'n toestand dat klein, jong dametjies daar inkom, en hulle onderklere afpluk, en dit op die platform gooi vir hom om te teken. Praat van duiwelskrag!

87 Gaan oor na Afrika toe en sien dit, daardie ou boegie-woegie, of wat hulle dit ook al noem, ruk-en-rol, wat begin het by die Hottentotte in Afrika, en julle probeer daardie verlange en salige, heilige dors les deur daardie gemors onder in die plek in te druk waar God wil lewe en om jou vryheid, en heiligheid, en geluk te

gee. Wat 'n skande! Wat 'n teleurstelling van die Amerikaanse mense!

88 En aan julle Pinkstermense, en Pelgrim Heiligheid, en Nasaréners, wat 'n hoër roeping as dit bely: Skaam julle! Julle sterf en verrot in julle eie verderflikheid. Geen wonder ons kan nie 'n herlewing in Amerika hê nie! Geen wonder God kan nie Sy gawes in die kerk plaas nie! Wat het Hy om hulle in te plaas? Dink julle Hy sou gawes in so-iets plaas? Hy kon dit net nie doen nie. Ek hoop dat julle verstaan wat ek bedoel.

89 Dis tyd vir 'n huisskoonmaak in die huis van God, al die pad van die preekstoel af tot by die opsigter, 'n outydse, God-gestuurde, Paulusherlewing, en die Bybel Heilige Gees terug in die kerk, terug om mans en vroue, seuns en dogters van God te maak. Kan julle nie besef daardie ou vuil gees van die duiwel kom in julle in en laat julle so optree nie?

90 'n Tyd gelede was ek oor die Amerika, en ek moes 'n klomp boeke oorneem in 'n vragmotor, ek het 'n sondaar gehuur om dit te bestuur, want ek kon niemand anders kry nie. Toe ek op die gronde aangeland het, 'n groot, denominasionele, Pinkstermense, en hierdie sondaar uit die vragmotor geklim en die vragmotors afgelaai het, en met die boeke, ensovoorts, en hy het 'n sigaret gerook. En een van die groot hoë amptenare het na my toe gekom, en hy het gesê: "Broer Branham, jy verbaas my!"

Gesê: "Wat makeer?"

Hy het gesê: "Daardie man rook 'n sigaret, wat jou vragmotor afgelaai het. Ons Heiligheidsmense, glo nie in sigarette rook nie."

Ek het gesê: "Ek ook nie."

Hy het gesê: "Maar ons mense, dit sal 'n struikelblok in hulle pad wees."

Ek het gesê: "Ek kon geen . . . niemand kry om daardie motor te bestuur nie, ek het twee vragmotors gehad, ek moes self een bestuur, en het hom die ander een laat bestuur. Ek gaan hom binne 'n paar minute laat gaan, hy weet dit."

Hy het gesê: "Wel, jy moet dit nooit weer doen nie," gesê: "want ons mense is heiligheidsmense."

Ek het gesê: "Ek's jammer ek het dit gedoen, meneer. As ek enigiemand anders gehad het, sou ek dit nie gedoen het nie."

91 Ons het omgedraai en na die plek toe geloop waar daar 'n paar duisend mense vergader was, en hy—hy het gesê: "Hier is my vrou, ek wil hê jy moet haar ontmoet, Broer Branham." En ek het gekyk, hy het gesê: "Sy sal jou pianiste wees vanmiddag."

92 En nie as 'n grap nie, hierdie is geen plek vir 'n grap nie. Dis die probleem vandag, ons het te veel Hollywood evangelisasie, en nie genoeg van die outydse oortuiging van die Evangelie nie.

93 En daardie vrou het daar gestaan met 'n rok aan so styf, gelyk asof die vel aan die buitekant was, en sy het yslike groot oorbelle aangehad, en goed regoor haar mond, en blou plekke agter haar oë, en baie kort gesnyde hare, en dit opgepluis soos 'n wollerige wurm. En sy het gesê . . . gekyk na . . . sy het gesê: "Aangename kennis, Dr. Branham?"

Ek het gesê: "Aangename kennis." Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra, meneer."

Gesê: "Ja, Broer Branham."

Ek het gesê: "Is jou vrou 'n heilige?"

Gesê: "Sekerlik!"

Ek het gesê: "Ek bedoel nie om jou gevoelens seer te maak nie, maar sy lyk soos 'n onheilige een vir my, op die manier wat sy daar staan soos daardie." [Leë kol op band—Red.]

94 . . . ? . . . grimering, en manikuur goed aan. Luister dame, laat ek vir jou iets vertel as jou broer: Daar was geen vrou in die Bybel, wat haar gesig geverf het . . . [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . So julle kan sien wat God dink van geverfde-gesig vroue: hondevleis. Dis God se hondevleis. Waarvoor doen hulle dit? Nie om God te ontmoet nie. Dis nie 'n grap nie, kry dit uit julle kop uit.

95 Waarvoor doen 'n vrou dit? Wat? Om voor mans te verskyn, dis dieselfde ding wat Isébel doen. Sy hou daarvan om die kêrels te hoor gaan: "*Wheet-whew!*" daardie hondefluit, of, wolwefluit. Dis reg. Dis omdat die pastoor toegegee het. En julle wil nie 'n outydse, God-gestuurde prediker hê nie, julle het een of ander Hollywood-tipe kêreltjie gekry wat daarvan hou om op 'n drom te slaan, en op-en-af te spring, en te skree: "*Hallelujar*!" Die duiwel kan dieselfde doen.

96 "Heiligheid pas by die Here. En as julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God is nie eens in julle nie." Dis wat die Skrif gesê het.

97 Nou, sien julle wat julle doen? Die verkeerde gees het onder julle ingekom, en dit laat julle probeer om daardie salige, heilige dors te bevredig wat God jou gegee het om Hom mee te aanbid, julle probeer dit bevredig met televisie, radio, al die spoggerige dinge van die wêreld, en grimering, en aangaan. Ek glo julle behoort skoon te lyk, moenie dink ek dink julle behoort vuil klere aan te hê nie, ek dink julle behoort die beste te lyk, maar ordentlik te wees, skoon, eerbaar te lyk.

98 Vroue buite in die agterplaas met hulle gewone klere aan, dan wanneer die mans huis toe kom, daardie ou kleertjies aan waarmee jy nie eers voor jou man behoort te staan nie. En mans kom in en laat dit toe, en dan diakens in die kerk, skaam julle! Geen wonder ons is daarmee heen nie.

99 Luister, moenie bekommerd wees oor Rusland wat ons verslaan nie, dit is nie die rooiborsie wat aan die appel pik wat dit seermaak nie, dis die wurm aan die binnekant. Wel, ons eie verderflikheid is wat ons doodmaak! Ons het nodig 'n . . . ? . . . van die Here God. As julle net sal optree soos kinders van God, sal Hy Sy Eie beskerm. Julle weet dis die waarheid.

100 Nou, daardie salige dors, wat het dit laat kom? God het julle so gemaak. En die duiwel draai om, en het gesê: "*Dit* is die lewe. *Dit* is die lewe." Maar julle ontvang die heeltyd dood. Jy weet nie wat plesier is, totdat jy regtig daardie vleeslike wortels uit jou hart uitkry en God daarin kry nie, waar jy gemeenskap kan hou, en God aanbid, en juig, en sing in die Gees, en afloop in die straat soos 'n regte dame of 'n heer, huis onder beheer, en jou kinders almal gehoorsaam.

101 'n Paar dae gelede, onder in Ohio, in 'n hof het hulle gesê dat alle kinders kollege toe gestuur moes word; hulle wil geen ongeletterdheid in Ohio hê nie. En die Amish mense stuur nie hulle kinders na hierdie moderne hoërskole toe nie. En hulle het nog nooit op die rekord van al die Amish in . . . ? . . . geskiedenis, van een geval van jeugmisdaad nie. Laat hulle anders aantrek, en anders optree, en vreemd wees in julle oë, maar hulle het geen—geen jeugmisdaad gehad nie, nie een geval op hulle rekords van—van Amerika nie, hulle stuur hulle nie na daardie soort plekke toe nie. En hulle het 'n wet gemaak dat hulle na hulle eie hoërskole en kolleges toe moes gaan.

102 En die ou moeder en vader is ingeroep omdat hulle nie hulle seun gestuur het nie. En die regter het gesê: "Julle sal hom óf stuur, óf julle sal twee jaar in die tronk sit." Ek was in Middletown, Ohio op die tyd wat dit gebeur het.

En die vader het gesê: "Ek weier om dit te doen, meneer. Nie om anders te wees nie, maar omdat ek na Amerika toe gekom het, gedink het dat hierdie vryheid van godsdiens was," (ons het geen demokrasie meer nie.) "godsdiensvryheid."

Hy het gesê: "Jy sal óf by ons wette bly, óf jy sal betaal—jy sal die prys betaal soos die res van hulle sou."

Hy het gesê: "Ek weier om hom te stuur."

Gesê: "Ek vonnis jou en die moeder: Twee jaar in die gevangenis."

103 Die laaste blom van demokrasie het in daardie hofsaal verwelk! Die vader het opgestaan en gesê: "Goed, ek sal dit uitdien om my seun te red. Ek wil nie enige van julle ruk-en-rolle en julle onsin hê nie."

En toe hy begin het, het die onregverdige regter homself probeer regverdig deur dit te sê: "Onthou die Skrif sê: 'Gee aan Caesar wat Caesar toekom.'"

En hy het omgedraai en gesê: "En aan God?"

104 Maar dit het weer geblom binne 'n paar minute: Sy hele bank het die werk bedank, en uit hulle amp bedank. Prys God vir 'n paar ware, uitstaande Amerikaners nog daar! Wat moet die Kerk doen? 'n Standpunt inneem en daar staan sonder om te beweeg.

105 Waarom is daardie dors in jou? Om God te aanbid.

106 O, Dawid, hy het die Psalms geskryf, die profesie. Hy was 'n buitelug-man, hy het die buitelug liefgehad. O, hoe wonderlik is dit om die buitelug lief te hê! Hoe ek bergstrome onthou en daar gaan jag, nie om die wild dood te maak nie, net om alleen te wees met God, Hom te sien beweeg in Sy bosse, en Hom te hoor uitroep in die elk, en die wolf, en almal in die bere, en gepiep, om te hoor, o, alles in die natuur, die voëls, alles, God is net oral.

107 Eendag gestaan in die Rotsgebergtes, ek was baie hoog, ek het daarbo gejag saam met 'n boer, en ek . . . daar was niemand binne, o, ek reken, vyftig myl, veertig myl, in elk geval, van ons af nie, die naaste plek was *ver* agter in die Corral Pieke, oor die, oor die Berthoud Pas, baie, baie myle. En ek het baie, baiekeer daar geboer, die beeste aangejaag, ensovoorts, selfs in die aanjaag gery. So ons het alles van die landstreek geweet; ek gaan soontoe om te jag. So dit was vroeg, en die elk het nog nie afgekom terwyl ons gejag het nie, want hulle was hoog op; die sneeu het nog nie gekom nie.

108 En soos . . . Hy het gesê: "Nou, Billy, ek gaan die—die noordelike hang van die berg neem, en neem jy die suidelike, oostelike hang, en ons sal omtrent na drie dae ontmoet, en as jy dalk 'n groot bul kry, hang hom op, en ons sal hom op die pakperde sit op pad terug."

Ek het gesê: "Goed, Jeff."

109 Ons het vertrek, net op 'n sekere dag ontmoet. Ek was . . . die tweede dag, was ek baie hoog, want ek het klein elkspore gesien, en hulle was nog hoog op. En in die herfs, laat, sal hierdie storms oorkom en reën, sal dan sneeu, en dan sal dit, sal die son kom en dit uitdroog, en stormagtig. En daar het 'n groot, skielike windvlaag afgekom met 'n storm en reën, en ek het agter 'n boom ingegaan, en ek het net 'n oomblik agter 'n boom gestaan, en die storm het verbygegaan, en o, dit het gewaai. En dit was, was 'n ou omgewaaide boom daar. En na die storm verby was, was dit koel terwyl dit gereën het, en ysnaalde het oraloor die—die immergroenbome gehang, julle weet hoe dit raak, en—en net toe het die groot son begin sak in die skeure in die weste, en 'n groot, soos 'n oog van God het begin deurloer, en daar het 'n reënboog oor die vallei gevorm. Ek het gesê: "O God, dis goed om hier te wees!"

110 Net toe het ek die ou bul-elk hoor beuel-blaas, en die trop het hom geantwoord, die trop wat verdeel het ten tye van die storm. My moeder is 'n half-Indiaan wat van die reservate af gekom het. En toe het dit begin roep: "Die diepte," het Dawid gesê: "wat roep

na die diepte." Die ou grys wolf het gehuil, die maat het dit onder in die vallei geantwoord. O goeiste, iets het my gees laat uitroep. Ek het so bly geraak, ek het gesê: "God, dis so goed om hier te wees." Ek het my geweer neergesit, en om-en-om die boom het ek gegaan, geskree so hard as wat ek kon, my hande geskud. As iemand in die woude ingekom het, sou hulle gedink het daar was 'n maniak daarbuite. Ek het nie omgegee nie, ek het die Here aanbid, net 'n wonderlike tyd gehad.

111 Naderhand, het ek 'n ou denne-eekhorinkie opgelet, 'n kêreltjie omtrent *so* lank, die lawaaierigste ding in die woude. Opgespring op 'n stomp en begin: "*Babbel*, *babbel*, *babbel*, *babbel!*" asof hy my sou verskeur.

112 Ek het gesê: "Moenie so opgewonde raak nie, outjie, ek sal jou nie seermaak nie. Het ek jou bang gemaak? Ek aanbid die God wat jou geskape het. Kyk hierna!" En om, en om, en om die boom, het ek weer gegaan. Ek het gesê: "Jy behoort dit te doen."

113 En ek het die outjie opgelet, sy oë het amper uitgepeul op sy wang, het my nie dopgehou nie, sy koppie bly oplig, afgekyk soos *daardie*. En die storm het 'n groot arend daarin afforseer, dis waarvoor hy bang was.

114 Die groot arend het op die tak gespring, en ek het gedink: "Nou, God, waarom het U my geskree gestop? Nou, waarvoor het U daardie arend daarbuite voor my gesit? Hoekom? Ek is hier om U te aanbid. Ek weet U is oral, maar sal U in daardie arend wees?" En ek het daardie arend opgelet, hy was nie bang vir my nie. En ek het gesê: "Is jy bang vir my?" En daardie yslike groot, goudbrons oë het na my gekyk, hy was nie bang vir my nie. En ek het gesê: "O, ek sien God in daardie arend," ek het gesê: "want hy's nie bang nie, God is nie bang nie."

115 Jy's bang: "As ek my genesing aanvaar, kan ek nie uithou nie. As ek vir Christus my hart gee, is ek bang iemand sal vir my lag." Nou, jy's nog nie in die toestand nie, jy is nog nie dood genoeg nie.

116 So hierdie arend was nie bang nie. Ek het gedink: "Hoekom is dit dat jy nie bang is nie?" Ek het opgelet hoe hy sy vlerke voel, julle weet hoe hulle hulle vere skud. Ek het gedink: "O, dis reg. Ek sien, God het vir jou twee vlerke gegee."

117 En as God vir daardie arend twee vlerke gegee het, en hy het geweet hy kon in daardie bome wees voor ek die geweer in my hand gekry het, as hy sy vlerke so kon vertrou, wat behoort 'n kerk te doen wat gevul is met die Heilige Gees? Solank jy Hom om jou kan voel, weet dat Hy daar is, waarvoor is jy bang? Jy bang jou baas sal sê: "Hoe het jy gesond geword?"

"O, uh, *ahem*!"

Moenie bang wees nie, sê: "Die Here God het my genees!" Moenie bang wees nie.

118 En ek het opgelet hy het . . . Ek het gesê: "Jy weet ek kan jou skiet?" En ek het na my geweer gegryp, hy het gekyk, weer na my gekyk. Ek het opgelet hy was nie bang vir my nie, maar hy het moeg geword van daardie ou eekhorinkie, wat daar sit: "*Babbel*, *babbel*, *babbel! Babbel*, *babbel*, *babbel!*" net so opgewerk. So hy het siek en sat geraak vir hom, hy het net 'n groot sprong gegee. Hy het omtrent twee keer geklap, en hy was reg bo die bome uit, en toe het ek gehuil. Hy het net sy groot vlerke geneem en hulle uitgestrek soos *hierdie*, hy het nooit weer sy vlerke geklap nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel. En elke keer wat die wind sou opkom, sou hy opry daarop, opry daarop, totdat hy net 'n klein kolletjie geword het.

119 Ek het gestaan en kyk, en die trane wat teen my wange afloop, ek het gesê: "O God, dis reg! Dis waarvoor U wou hê ek moes hier stop, en daardie storm gestuur het, dis die idee: Net weet hoe om jou vlerke te stel in die krag van God, jou vlerke van geloof, en wanneer die Heilige Gees inrol, ry Daarop. Gaan net aan, kom weg van hierdie ou woud-eekhorinkie se babbel, babbel, wat sê: "Die dae van wonderwerk is verby, en daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Ry daaroor! God wil daardie hart vul.

120 Dawid het gesê: "Soos die hert dors na die waterstroom, dors my siel na U O God." Luister mooi, ek sluit af, Dawid was in die berge, en hy was 'n man van die woude, 'n jagter, hy het geweet van die takbok. Ek het hulle baiekeer gesien, onder in Louisiana, hulle—hulle jag hulle met honde. Oorkant in Afrika is daar 'n wilde hond. En dis baie vreemd, en enige takbokjagter hier weet, as jy 'n takbok wond, hom seermaak, en as hy by water kan kom, het jy hom verloor, solank hy water kan vind, kan hy lewe.

121 Maar, o, as die honde die outjie sou seermaak! Jy sien—jy sien daardie takbokke staan, en die hond het 'n manier, of die wolf, liewer, en hy sluip baie stadig nader. Nou, sy taktiek: hy het twee slagtande net *hier* binne-in sy mond, en hy gryp die takbok net agter die oor waar die slagaar oorkom, hy sink daardie tande in, die prêriewolf, die wolf, die wilde hond, en wanneer hy dit doen, gooi hy homself, wanneer hy dit doen, het ek hulle bulle se keel sien sny, prêriewolwe. En hy—hy sluip, jy weet nie waar hy is nie, en hy gryp die takbok en hy swaai sy gewig, dit sny die slagaar, en die takbokkie val 'n paar keer, en hy's gedaan, dan word hy verswelg deur die honde, en prêriewolwe wat aan hom vreet, wat die vel en vleis reg van sy bene aftrek.

122 Hoe waar is dit vanaand, van menige klein, onskuldige Christen! Julle meisietjies, wat hierdie ou Elvis Presley, ruk-en-rol, en Pat Boone, en Arthur Godfrey goed, die duiwel wat hang . . . jy sit daardie goed aan jou gesig om die kêrels dit te laat gee (Dis wolwe, dis wat hulle is, dis waar.), om daardie fluit te gee, julle trek julleself aan met sulke kleertjies, en sê . . . wys daardie liggaampie van julle.

123 O, skat, ek het ook twee dogtertjies by die huis. God wees genadig, kind! Jy besef nie, skat, dat dit die lokval van die duiwel is nie. Moet nooit jouself so aantrek nie, 'n man sal so na jou kyk. Hou jouself vir jou klein, liefling mannetjie wat eendag kom, God sal dit vir jou gee. En daar is die wolwe van die hel buite agter jou aan, en jy moedig hulle aan, eendag sal die slagaar gesny word, jy sal daarmee heen wees, dan sal jy 'n paar keer struikel, jy's weg.

124 Onskuldig! "O, net 'n bietjie ruk-en-rol sal glad nie seermaak nie." En ek het opgelet ons JMCV's leer dit. Waarvoor word daardie *C* daarin genoem, is dit *Christus* of *Vervloeking* [Eng. "Cursing"—Vert.]? Dis 'n skande. Sy's daarmee heen, die hele volk is besoedel, dis verrot tot die kern, omdat die kerk verswak het, dit behoort 'n standaard te wees.

125 Die takbok, die hond het nog 'n tegniek om aan die takbok te gryp, as dit sy oor mis, sal dit dit in die sy gryp. Die agterstewe van die takbok is swaarder as die voorstewe, en as hy hom reg in die sye kan gryp met daardie tande, en 'n groot hap uit die takbok neem, as hy nie 'n slim takbok is nie, sal hy, sal die hond, in sy middel of, sal die wolf die takbok op die grond gooi as hy *hierdie* deel mis, sal hy hom in die sy vang. Maar as die takbok baie slim is, en vinnig spring, dit kan nie stadig spring nie, dit moet vinnig spring, en as die takbokkie gou sal, sywaarts swenk, sal die—die hond 'n hele mondvol uitpluk, en dan as die takbok blitsig en vinnig is, sal dit wegkom.

126 Luister, dierbare suster, as jy reg op daardie randjie is, en die duiwel het jou gesleep, spring vinnig! Moenie wag tot die volgende herlewing nie, spring nou! As jy jou eerste ruk-en-rol afspraak gehad het, moet nooit weer gaan nie, spring weg daarvan af so gou as wat jy kan! As jy aangetrek het soos jy nie moes nie, trek ordentlik aan, tree op soos 'n dame, 'n Christen, die honde van die hel gallop agter jou aan.

127 Dan wanneer sy gegryp word, hardloop die outjie so vinnig as wat hy kan, die bloed loop uit, hou hom dop, hy moet water kry, hulle is reg agter hom, hy moet water kry, as hy nie water kry nie, is hy gedaan, laat hom water vind en hy sal lewe, maar hy moet gou by water uitkom. En as hy oor 'n stroom kan gaan, julle jagters weet wat ek bedoel, sal hy water drink, oor die heuwel hardloop, hom verfris, hy sal afkom, weer water drink, die honde eenkant toe lei, die jagter, enigeen, heen-en-weer oor daardie rivier, kan hy lewe.

128 Maar dink aan Dawid, toe hy gesê het: "Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na U, O God." As daardie takbok nie by water uitkom nie, is hy dood. En as jy nie by Christus kan uitkom nie, nie die kerk nie. . . Die duiwel probeer daar 'n vals ding in jou sit, probeer jou daardie groot dors in jou laat les, deur te sê: "Ja, ek het by die kerk aangesluit." Dis net so, amper so erg

as om iets anders te doen. Hy probeer sê: "O, ek's 'n Presbiteriaan. Ek's Pinkster. Ek's Katoliek. Ek's 'n Baptis." Dit beteken nie een ding vir God nie, jy kan enige kerklidmaat wees en hel toe gaan soos 'n swaeltjie na sy nes toe.

129 Jesus het gesê: "Tensy 'n mens wedergebore word, sal hy op geen manier ingaan nie."

130 "Wel, ek betaal my tiendes. Ek doen *hierdie*."

Dis alles reg, dierbare broer.

131 "Wel, ek sê jou, ons kerk het die grootste sendingoffers in die land."

Dis baie goed.

132 "Ons het die mooiste kerk wat daar in die stad is, meer lidmate."

133 Dis goed, maar dit het nie een ding te doen met verlossing nie, glad nie een ding nie. God herken dit nie eens nie. "Tensy 'n mens wedergebore word uit die Gees, en uit die water, sal hy op geen manier ingaan nie."

134 Intellektueel sal nie help nie, dit moet *hier* afkom na 'n geboorte. Sluit by die kerk aan soveel as wat jy wil, goeie, heilige kerke, dit sal steeds niks daarmee te doen hê nie. Word gedoop gesig vorentoe, agtertoe, gegiet, besprinkel, sal nie . . . jy gaan net af as 'n droë sondaar en kom 'n natte op, dit doen nie een ding aan jou behalwe om jou te besoedel nie, jy is 'n twee-maal erger kind van die hel as wat jy was toe jy begin het.

135 Ellendigste persoon in die wêreld, is iemand wat Christelikheid probeer naboots, ellendig. Om vir Christus te lewe, is 'n vreugde! Met vlerke wat hulle daaroor vlieg, en jou siel begin dors soos die takbok. "O, as ek Dit nie kan vind nie, sal ek sterf!" Jy sal Dit vind. As jy dors na God soos daardie, sal jy Hom vind.

136 "O, my siel verlang na U in 'n dor en uitgedroogte land sonder water. Ek verlang om U krag te sien soos ek dit in U heiligdom gesien het." Dors jou siel so vanaand? "Here Jesus, kom na ons toe, seën ons, doen vir ons soos U vir hulle gedoen het in die vroeë dae, neem die wêreld van my af weg, en laat my U aanbid." Dors jou siel so? Vinnig, sal daar 'n fontein wees wat in jou uitbreek, jy sal lewe.

137 "Broer Branham," sê jy: "ek's net so goed soos die res van hulle. Ek hoef nie hierdie goed te doen nie."

138 Jy is sterwend en jy weet dit nie. "Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na U, O God." Hy moet water vind of hy het gesterf; ons moet God vind of jy sterf. "Ek moet sien, Here, of ek sal vergaan." O, hoe ons Hom vanaand nodig het in 'n outydse, God-gestuurde herlewing waar mans en vroue regtig regmaak met God!

Kom ons bid.

139 Dierbare God, hierdie klein, gebroke, verlossingsboodskappie hier vanaand, maar ek hoop dat dit nie leeg sal terugkeer nie, wat U belowe het, U gesê het: "Dit sou dit bereik waarvoor dit bedoel was." En U weet alles, Vader, so U weet dat dit bedoel was om die kerk te probeer red, en die mense, nie om anders te wees, of enigiets nie, maar om te wees, om die kerk terug te bring in gemeenskap met U.

140 Ons sou bid dat U dit vanaand sal skenk, Here. Laat hierdie dors siele nou begin kyk en wonder, laat hulle soek, sê: "O God!" tot ons weer terugkom. Laat die prediker sy klein, onbenullige doktrines verlaat en terugkom en die kerk weer na Christus toe bring, maak nie saak of hy Baptis, Presbiteriaan, Pinkster is, wat hy ook al mag wees nie. Laat die lidmate begin dors na U, Here, en U net moet hê, dan:

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Waar sondaars gedompel onder die vloed,
Al hul skuldvlekke verloor.

Die sterwende dief was bly om te sien
Daardie Fontein in sy dag;
Daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my sondes wegwas.

141 Mag dit die dors wees van hierdie jong vroue en ou vroue, jong mans en ou mans. Skenk dit, Here, skep in hulle 'n dors vanaand, dors na U. Laat hulle weet dat selfs hierdie wêreldse goed wat hulle—hulle hulself probeer bevredig, "O, ek behoort aan die kerk, dit doen geen skade om *dit* of *dat* te doen nie." O God, maak hulle wakker om te weet dat Satan dit doen, en daardie dors wat hulle vir 'n lekker tyd het, ensovoorts, in hulle gesit is om U te aanbid, en om U seëninge te hê, en om U gemeenskap te geniet, nie die gemeenskap van die wêreld nie, maar die gemeenskap van Christus. Skenk dit, Here. Ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

142 Terwyl julle bly, net 'n oomblik. Nou, môre gaan hulle die gebedskaartjies gee vir genesing, môre-aand. Vanaand, was 'n. . .Ek wil 'n altaar-oproep maak net 'n oomblik. So, hoeveel is hier vir hulle eerste keer, wat gehoor het van die diens, en hoe die Here visioene gee, maar julle was nog nooit in een nie? Laat ons julle hande sien. Is daar baie hier? O, die hele voorste deel daarvan hier is vol van hulle, goed, die nuwelinge.

143 Julle het gehoor dat hoe ons Here Jesus gesê het Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom deur 'n visioen gewys het wat om te doen nie. Onthou julle dit? Lees julle dit in die Bybel? Maar Jesus, as Hy vandag sou verskyn, sou Hy dieselfde doen wat Hy destyds daar gedoen het? Sou dit jou siel na Hom laat dors as jy Hom hier in hierdie gebou kon sien staan, onder ons almal, en

optree en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was? Sou jy dankbaar wees daarvoor? Steek jou hand op, sê: "O, dit sal nog 'n dors skep." Geseënd is julle.

144 Nou, ek nie. . . Ek wil net bid en die Here vra, van net hier af, om julle nie hiernatoe te bring nie. . . Ek voel werklik gelei soos ek hier afkyk, en daardie foto hier sien met daardie—die Vuurkolom daarop, wat die kinders van Israel deur die wildernis gelei het, en geweet het. . . Ek het hier uitgekyk, en ek het Dit reg bo die gehoor sien hang, so ek, of ons gebedskaartjies het of nie, ek glo God wil iets hier doen waarna julle dors siele sal begin dors.

145 Nou, julle daarbuite wat siek en beproef is, die Bybel het gesê dat Jesus Christus 'n Hoëpriester is, net nou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Almal wat weet die Skrifte sê dit, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Toe Hy was. . . Die Bybel het gesê in Hebreërs 13:8: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Is dit reg? Toe, toe Hy hier op aarde was, was daar eenkeer 'n vrou wat siek was met 'n bloedvloeïng. So die mans het almal saamgedrom, en Hom op die skouer geklop, en Hom geseën, ensovoorts, en: "Aangename kennis, Eerwaarde?" En: "Ons is bly om U te ontmoet. Dankbaar U is hier in hierdie veldtog," en julle weet soos daardie, en aangegaan soos mans en mense maak.

146 Maar daar was 'n vroutjie, sy het bloedvloeïng gehad, en die dokters kon haar glad nie help nie, so sy het deur die skare geglip, en sy het gesê: "O, Hy is die Seun van God! As ek Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word." En sy het Sy kleed aangeraak, weer uitgegaan.

147 Jesus het gestop, en gesê: "Wie het My aangeraak?" Dit was Jesus gister, was dit nie? Vir die gevoel van 'n swakheid.

En Petrus het gesê: "Wel, Here," hy het die Here bestraf, en hy het gesê: "wel, almal van hulle raak aan U. Waarom sê U: 'Wie het My aangeraak?'"

Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword, daar het sterkte, krag, van My uitgegaan."

148 En Hy het rondgekyk oor die gehoor, miskien, miskien die grootte hiervan vanaand, miskien groter, miskien kleiner, rondgekyk, en Hy het daardie persoon gevind wat Hom aangeraak het, en Hy het vir haar gesê wat haar swakheid was, dat haar geloof haar gesond gemaak het. Hoeveel weet dis waar?

149 Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy het gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien. Want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Ek is die Wynstok, julle is die lote." Die lote dra vrugte van die wynstok.

150 Nou is Hy in Sy Kerk, aan die werk. Ek wonder of—of daar daardie soort geloof is vanaand, in hierdie gehoor, wat Sy kleed kon aanraak terwyl ek myself aan Hom sou oorgee saam met julle, dat Hy weer sou afkom in die vorm van die Heilige Gees en dieselfde ding hier op hierdie platvorm sou doen vanaand. Julle daarbuite sonder julle gebedskaartjie, hierdie nuwe skare hierbinne, as Hy sou . . . Sien julle Hom . . . ? . . . kaartjie. Maar nou, as Hy afkom en, vanaand, en dit van die platvorm af doen hier, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy hier in die vlees was, sou julle glo dat Hy dan in Sy Kerk was, besig om te werk? Sou julle dit glo, dieselfde gister?

151 Laat ons weer bid. Nou, sondaar, wees baie eerbiedig.

152 Here God, ek vertrou dat U dit sal doen, ek weet nie, ek bid dat U sal, as gevolg van die visioentjie net 'n oomblik gelede, skenk Here, dat dit so sal wees. In Christus' Naam, gee ek myself oor aan U, en vra dat die Heilige Gees in die harte van die mense sal inkom. Mag Engele hulle posisies inneem langs hierdie siek mense, en langs die ongelowige, die sondaar, en hulle laat weet dat U hier is, en daardie dors wat hulle verlang het om te sien, skenk Here, dat U reg langs hulle sal staan.

153 Party van hulle dors hier na genesing, U is die waters van die Lewe. En ek bid, God, dat U op dieselfde manier sal optree, deur U mistieke Liggaam hier, die Kerk, as wat U gedoen het toe U hier was in U vleeslike liggaam in die vorm, in die Naam wat Jesus genoem word. Skenk dit, Vader. Deur Jesus' Naam. Amen.

154 Ek vra vir eerbied, en wees nou net baie eerbiedig.

155 Elke persoon hierbinne, sover ek weet, is 'n vreemdeling vir my, behalwe my seun, en Mnr. Vayle, en Mnr. Goad net hier, ander ken ek nie. Lyk asof ek hierdie man behoort te ken wat net hier sit. Ken ek jou, meneer? Ek . . . Jou gesig lyk bekend vir my, maar ek—ek onthou nie jou naam nie, maar dis die enigste een wat ek ken.

156 Nou, laat ons baie eerbiedig wees, en net na die Here Jesus kyk, en sê: "Nou, Here," julle daarbuite, julle wat siek is, sê julle: "Here Jesus, die man het vir my gesê dat as ons gedors het, wel, U die Een is om—om vir ons te gee, hierdie dors te les wat ons het. Hy het vir ons gesê dat U opgestaan het uit die dood, en U is die heeltyd dieselfde. Nou, ek het gelees in die Bybel waar 'n vrou U kleed aangeraak het, en U haar probleem geken het, net soos U vir hulle kon sê, vir Filippus waar hy was, en vir Petrus wat sy vader se naam was, en al daardie dinge in die Bybel.

157 "En die—die Fariseërs het U 'n duiwel genoem, gesê U was 'n gedagteleser of 'n—'n Beëlsebub, wat 'n duiwel is, maar daardie mense vir wie daardie wonderwerk gedoen is, het geweet U was die Seun van God. U het vir die vrou by die put vertel, waar haar sondes was, en sy het in die stad ingehardloop, gesê: 'Kom, sien die Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit

nie die einste Christus nie?' Nou, Here, as U dieselfde bly . . . Dis 'n donker dag, party mense sê: 'Die Metodis is reg. Die Baptis is reg. Die Lutheraan is reg. Die Pinkster is reg,' God, wat is reg?"

158 Jesus is reg, en ek glo Hy's in elkeen van julle kerke. Hy is beslis, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster, maar Hy het julle lief. Maak geen verskil aan watter kerk jy behoort nie, kyk nou net na Hom, en sê: "Here, ek glo." Mag Hy skenk.

159 Nou, terwyl ons in gebed is, almal net eerbiedig, maar as julle bid, en julle my hoor roep, kyk op. Sien? Want ek moet vinnig praat.

160 Hier is die foto, hulle het julle daarvan vertel. George J. Lacy, hoof van die FBI, vingerafdruk en dokument, het die foto van 'n Engel van God geneem, die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het . . . En almal weet dat daardie Vuurkolom Jesus Christus was. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, Hy het gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." En nadat Hy teruggegaan het, het Paulus Hom ontmoet op die pad na Damaskus, 'n Lig, Vuurkolom weer, sy oë verblind. Petrus in die tronk, Vuurkolom het ingekom en hom vrygelaat. Hier is Hy vandag, wat verskyn aan die einde van die Heidense tydperk, dieselfde Jesus. Die wetenskaplike eeu waarin ons lewe, Hy het aan die wetenskaplike wêreld verskyn, hulle kan nie sê dis verkeerd nie, ondersoek dit.

161 Nou wees net baie eerbiedig. Nou laat ons bid. Elkeen nou wat siekte het, bid. Nou, jy's die een wat Hom moet aanraak. Ek gee net oo- . . . Ek kan net so min, sonder om jou te ken, ek kan net so min enigiets weet van jou, as wat *hierdie* ding kan praat sonder iets Daaragter om te praat, dis stom. Bid net. Nou, ek het geen idee nie, maar julle het belowe julle sal Hom glo.

162 Nou, Here, bid ek dat U dit sal skenk tot U eer.

163 Net in die gees van aanbidding, sê: "Here God, ek—ek's so behoeftig, laat ek U aanraak." Moenie senuweeagtig raak nie, dis waar jy histeries raak en van Hom af weggaan, Hy's reg by jou.

164 Nou, nou mag julle julle hoofde net 'n oomblik oplig. Die Lig van die Heilige Gees, wat in hierdie, vir julle wetenskaplikes, dimensie, vir julle Christene, hierdie atmosfeer van die Heilige Gees wat my nou neem, jy kan nie jou lewe wegsteek as jy moes nie; ek kan nie genees nie, God het dit alreeds gedoen. Maar Dit hang oor 'n gekleurde vrou, wat net hier sit, met 'n balletjie op haar hoed.

165 Jy bid vir iets, bid jy nie, tante, die gekleurde vrou? Ja, Uh-huh. Jy is siek of iets is verkeerd met jou. Jy het nie . . . Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie? Jy het nie? Jy het nie een nodig nie. As die Here God aan my sal openbaar hier, tante, wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is, jou die waarheid uit die Bybel vertel? Jy sal? Glo jy. Die Here seën jou, suster, dis waarom Dit oor jou hang.

166 Nou net ’n oomblik, Dit kom af, daar is Dit. Goed. Die vrou ly aan artritis, daardie artritis is in haar ruggraat, en sy het ook daarvan ’n baie, erg senuweetoestand ontwikkel. Dis presies reg, die gekleurde dame wat daar sit met die balletjie op haar hoed. As dit reg is, dame, ja, steek jou hand op as dit reg is. Ek praat met die gekleurde dame, daaragter, dame. Goed. Dit het dit afgehandel. Jy het dit nie nou nie, dis weg van jou af.

167 Ek weet nie hoekom die genade van God, al julle witmense . . . Ek het pas gepraat van gekleurde mense en vertel hoe hulle gered is, God het hulle lief. Daardie arme, klein vroutjie daar mag minder geleerdheid hê as enigiemand wat hier sit, maar sy ken God.

168 Dit is net, siende dat die Here haar geseën het, is daar ’n gekleurde dame wat daar reg langs haar sit. Dit lyk asof, dat daar . . . Dit vorm om haar. Sy het geskree net ’n paar oomblikke gelede. Ek ken jou nie, ken ek, dame? As die Here God vir my sal sê wat jou probleem is, waaraan jy ly, sal jy . . . sal jy weet of dit die waarheid is of nie, sal jy nie? Jy ly aan sinus. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op. Nou weg. God seën jou.

169 Jy met jou hand op, die ander gekleurde dame, wat daar sit en jou hand wuif, glo jy dat ek God se dienskneg is? Die jong vrou, glo jy my? Ek ken jou nie, ken ek, suster? Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy dat ek die dienskneg van Christus is, en Dit nie ek is nie? Hierdie is ’n geval soos Jesus wat met die vrou by die put gepraat het, sy was ’n Samaritaan, Hy was ’n Jood; jy’s ’n Etiopiese vrou, en ek’s ’n Anglo-Sakser. Dis twee verskillende . . . Dis dieselfde Gees. Nou, Christus, die vrou het Hom geglo. Nou, Jesus het nie geweet wat haar probleem was nie, maar toe Hy haar probleem gevind het, het Hy vir haar haar probleem vertel, sy het na die stad toe gegaan, en gesê: “Dis die Seun van God; Dis die Messias.”

170 As Hy vir jou dieselfde ding sou sê, wat nou deur my en jou werk, soos totale, twee verskillende rasse mense, eerste keer om ooit te ontmoet . . . Maar jy’s bewus dat daar iets aangaan, is jy nie, dame? ’n Baie liefdevolle nederige gevoel om jou. As dit reg is, steek jou hand op, die klein, gekleurde dametjie met die pienk tjalie. Jy ly aan hartprobleme en aan ’n gewas. As dit reg is, steek jou hand op. Jesus Christus het jou genees.

171 “As jy kan glo!”

172 Party van julle witmense glo, julle nuwelinge hierbinne. En net . . . O, is dit nie . . . ? Julle behoort in ’n regte gees van aanbidding te wees, ons is in die Teenwoordigheid van Jesus. Asseblief, vriende, as julle ooit glo, as julle broer, laat my met my Bybel op my hart, glo julle net nou. Sit net jou teologie opsy, sê net: “Here Jesus, ek besef daar’s Iets hier, daar moet wees.”

173 Hier, hier is dit reg bo ’n mannetjie wat net hier staan, reg op die punt van die ry, hy ly aan ’n velprobleem, kêreltjie daar.

Glo jy in God? Dis reg, is dit nie, meneer? As dit reg is, steek jou hand op. Ek ken jou nie, ken ek? Goed, jy gaan nou daaroor kom, moenie bekommerd wees nie. Die seëninge van God is op jou, waar dit donker was, het dit lig geword.

174 Hê geloof in God. Glo julle? Glo almal van julle?

175 Hier is . . . Nou hier, vriend, kry hierdie mense, hierdie nuwelinge, as ons kan, reg hierin, waar hulle almal hulle hande opgesteek het . . . Of enige plek, ek moet net, waar Hy ook al roep, dis waar ek moet antwoord.

176 Hier, die dametjie wat net hier sit, reguit na my kyk, tweede ry. Ja. Glo jy die Here Jesus sal jou genees? Jy het gely, het jy nie? Jy ly. En jy het daar, in jou hart sit en bid: "God, laat hom met my praat vanaand, ek glo U, Here." Nou, as dit waar is, steek jou hand op. Die dame, dit was sy, ja. Dankie. As die Here God vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy my glo dat Hy jou wil gesond maak? Ek sien jou soort van stadig opstaan uit die bed uit in die oggend, jy het rumatiek. Dis reg. Nou wil ek jou iets vra, opreg: Jy—jy voel dit nie nou nie, voel jy? Nee. Die Here het jou genees. Dis reg.

177 Die ander dame wat daar langs jou sit, sy ly, ook, die dametjie met haar hoof gebuig, wat bid. Jy bid: "Here, laat dit ek wees volgende." Dit reg? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Wat reg langs die dametjie daar sit, wat pas geroep is. Sal jy graag jou aandete wil gaan eet en weer 'n goeie maaltyd geniet? Jy ly aan 'n maagprobleem, nie waar nie? Dis reg. Dis 'n peptiese toestand, veroorsaak deur 'n—'n diep denke, jy steek brûe oor voor jy by hulle kom, en sulke goed; dis 'n, meer soos 'n verstandelike senuweeagtigheid, jy's nie senuweeagtig nie, maar jy's net—jy's net, jy begin diep dink, jy behoort dit nie te doen nie, wees bly. Nou is jou maagprobleem weg en kan jy gesond huis toe gaan.

178 Wat dink jy, die bejaarde dame wat langs haar sit, wat daar rondkyk en bid? Die Lig het reg oor jou gegaan, met die rosie op jou jas. Glo jy dat ek God se dienskneg is?

179 Asseblief, asseblief, moenie opstaan nie! Dis wat dit doen, vriend. Sien, jy beroof die mense van hulle genesing. Asseblief, asseblief, wees eerbiedig, net 'n oomblik. Sien, jy is 'n siel, en wanneer jy beweeg, beweeg dit die Gees.

180 Jy sê: "Broer Branham, sielkunde."

181 Wat van Jesus toe, toe Hy hulle almal uit die huis uitgesit het, Jaïrus se huis, toe Hy ingegaan het om die dogter op te wek? Wees eerbiedig! Hê respek ten minste vir die siekes, respek vir Jesus.

182 Nou wees weer baie eerbiedig. Nou laat ons sien, wat was dit? Dit was 'n visioen wat breek, maar ek weet nie wat dit was nie. Hou net aan bid. Dit het gelyk of ek reg hier iewers aan die voorkant was. God, sekerlik, in Sy genade sal dit weer doen. Waar was Dit? Dit was . . . Dis, hier is Dit terug. Dis die dame met 'n

roos op haar jas, dis die een wat dit was. Sy het 'n breuk. Dis reg, is dit nie, suster? As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy God vir jou genesing? Sal jy vir my 'n guns doen? Lê jou hand op daardie dame langs jou, sy het artritis, sy wil ook gesond word. Is dit nie reg nie, dame? Goed. Goed, nou, het jy dit.

183 En die dame wat langs jou sit, sien daardie donker gees daar oorkant wat daar kom? Dis daardie gees wat na *hierdie* een hier oorkant om hulp roep. Lê jou hand op die vrou langs jou, sy het ook artritis, en dis die dame daar. Jy het ook artritis gehad, het jy nie? Julle is albei genees, sodat julle kan huis toe gaan, gesond wees. God het julle gesond gemaak.

184 Hê geloof, agter aan hierdie kant, iemand. Hê geloof, vriende, glo God. Moet Hom nie betwyfel nie, glo Hom net.

185 Hier is Dit. Kyk met julle oë, vriende. Moenie. . . ? Julle bedoel julle kan nie hierdie Lig hier sien, reg bokant die vrou wat op die punt sit nie? Ja. Jy het gebid, het jy nie? Opreg. Ek ken jou nie. Is dit reg? Jy ken my nie. Hierdie is ons eerste ontmoeting. As die Heilige Gees vir my sal sê waaroor jy bid, glo jy dan dat ek Sy dienskneg is? Glo jy? Jy weet nou dat jy in kontak is met Iets. Jy's 'n Christen, 'n gelowige. Jy het probleme met jou rug, dis 'n rugprobleem. Is dit nie reg nie? Um-hum. Dis waaroor jy gebid het. Jy's nie van hierdie stad nie, jy's nie eers van hierdie staat nie, jy's van Rhode Eiland. Um-hum. Dis reg. Mev. Leighton. . . ? . . . L-e-i-g-h-t-o-n, Mev. Leighton. Is dit reg? Steek jou hand op. Nou gaan jy gesond huis toe, jou rugprobleem het jou verlaat, Jesus Christus het jou genees.

186 Glo julle? Glo die hele gehoor? Kom ons buig dan ons hoofde, net 'n oomblik.

187 Vader, ons is bewus dat ons hier in U Teenwoordigheid is. Miskien is daar mense hier wat miskien nooit weer terug sal wees nie, hierdie mag hulle laaste aand wees, terwyl U teenwoordig is, Here, bid ek U, in Christus' Naam, wees genadig.

188 En met julle hoofde net 'n oomblik gebuig, die orrel wat soet en sag speel, hoeveel hierbinne nou, in die Teenwoordigheid van Christus, in die wete dat Hy hier is, hoeveel wil graag julle hand opsteek, en sê: "Broer Branham, bid vir my, ek wil die ware ondervinding met God hê waarvan jy gepraat het. Ek is moeg om hierdie halflewe te lei, en ek—ek's. . . "Miskien is jy 'n sondaar, en jy wil gered word. Steek jou hand op, sal jy, na God, ver, hoog op. Dis reg. God seën julle.

189 O, goeiste! Veertig, vyftig, honderd hande of meer in die lug op. God seën julle. Ek gaan julle iets vra, as sy sal speel, terwyl sy op die orrel speel: As julle glo God hoor my gebed vir die siekes, natuurlik, het Hy my gehoor vir hierdie altaar-oproep, wil ek hê julle moet hiernatoe kom en reg hieronder staan, hier rondom, my laat afkom en vir julle bid, sal julle?

190 Staan nou stadig op, ons gaan *Amper Oortuig* sing. Nou, ek wil hê elkeen van julle wat wil hê God moet julle lewe verander, net nou, as Hy julle liggaam kan verander, kan Hy julle lewe verander, en daardie hele plek wat Hy in julle gemaak het, om te dors na Hom, julle wil Hom aanbid, en Hy moet inkom en al die begeerte van die wêreld van julle af wegneem, sal julle reguit hiernatoe kom vir gebed? Sal julle dit doen, terwyl ons *Amper Oortuig* sing?

191 Goed, suster, op die orrel, as jy sal, gee vir ons 'n akkoord. Goed.

"Amper oortuig" . . .

192 Kom net 'n oomblik nader. Wees almal eerbiedig. Verlaat nou julle sitplek, almal wat wil . . . Kom nou baie naby, net hier, reguit hiernatoe, staan. God seën jou, meneer. God seën jou. Dis reg. Gaan reguit uit en kom nou reguit hiernatoe. Die Heilige Gees roep julle. Iemand sal opstaan om julle plek te gee om te kom. Dis reg. O, daar's 'n groot gehoor hier, behoort hier te wees. Kom reguit af, sal julle?

"Amper . . . " (Wees nou opreg.) . . . maar om te faal!
Hartseer, hartseer, die bitter kreet: "Amper— maar verlore!"
"Amper . . . "

193 O, daar's baie van julle wat behoort te kom, kom reguit vorentoe, kom aan. Dis reg, gekleurde mense daar, dis goed. Maak nie saak wie jy is nie, Protestant, Katoliek, Kerk van God, wat ook al, kom reguit af. As jy God nie ken nie, daardie plekkie wat nog nooit gevul is om God alle lof te gee nie, kom reguit af nou, sal julle nie kom nie?

. . . nie weg nie;
O, dit lyk nou of 'n siel sê: "Gaan, Gees, gaan op U pad;
'n Meer geleë dag, sal ek U aanroep."

194 Wees nou eerlik, daar's meer hierbinne. Kan jy bedoel dat daardie siel in jou, wat regtig weet dat jy veroordeel is onder die boodskap vanaand, jy lewe nie soos jy moet lewe nie, dan daardie selfde Lig sien, wat jy hier in die Bybel sien, afkom en dieselfde dinge voortbring wat Dit het toe Dit gewoon het in 'n liggaam met die naam van Jesus, Hy belowe het om in Sy Kerk te wees, hier kom Hy reguit af in Sy Kerk en doen dieselfde ding, bewys dat Hy hier is, en jou siel in jou wat jou veroordeel, Engele van God wat naby staan, en sê: "Jy behoort te gaan . . . " Hierdie mag jou laaste geleentheid wees, jy mag nie vanaand by die huis kom nie, jy mag dood lê in die bed in die oggend, binne 'n jaar van nou af, mag jy muf wees in die graf. En nou, jy mag nie, ek weet nie, maar ek sê net jy kan wees, eendag sal jy wees. Hoekom nie nou nie?

195 Ken julle daardie ou, suidelike altaar-oproep *O, Hoekom Nie Vanaand Nie?* Ken die mense dit? Gee vir ons die akkoord daarvan. En ek gaan vir julle iets vra. Komaan, julle louwarm kerklidmate, julle weet julle het verkeerd gedoen, julle vroue, julle mans, seuns en dogters, versamel julleself rondom. Ek voel gelei om dit te doen, vriende. Sekerlik, God . . . Weet julle nie ek vertel julle die waarheid nie? God het dit bewys. Nou ek vertel vir julle die waarheid: Daar is vele van julle wat hier moet staan. Sal julle nie nou kom nie? Sal julle nie kom nie?

O, moenie dat die Woord vervaag,
En jou oë teen die Lig sluit nie,
Hierdie is die tyd, o, wees dan wys,
O, hoekom nie vanaand nie?

Almal saam:

O, hoekom nie vanaand nie? (Nie vanaand nie?)
O, hoekom . . . ?

196 Dis reg, gaan reguit uit en kom aan, kom reg in die paadjie af, neem jouself hier rondom. God is gereed om dit vir jou te gee as jy sal opstaan en sê: "Ek het dit nodig." Hy kan jou nie seën totdat jy voel dat jy behoeftig is nie. As jy voel jy's voldoende, goed.

. . . nie vanaand nie?

Môre mag die son nooit skyn
Om jou lang-verleide sig te seën nie;
Hierdie is die tyd, o, wees dan wys,
Hy red, o, vanaand. (Ek gee vir julle Jesus.)

O, hoekom (Sê my hoekom.) nie vanaand nie?

Watter redenasie kan jy gee om nie te kom nie?

. . . nie vanaand nie?
Wil Jy gered word?
Dan hoekom . . .

Dis reg, vriend, kom reguit af.

. . . vanaand nie?

197 Watter verskoning kan jy nou gee? Nou, laat ek dit vir julle sê wat daaragter is, ek wat in my hart weet, deur die Gees van God, julle bedroef Hom deur te doen wat julle doen. Laat ek sê, met die Bybel oor my hart, die Engel van God is by my: Die bloed nie op my nie, ek het julle die waarheid vertel, julle het 'n wandel met God nodig, julle wandel uit die gemeenskap uit, kom af, hierdie is die uur vir jou. Komaan nou, terwyl ons nog een keer sing; hierdie is die laaste. Hoekom? Gee my die verskoning hoekom. Hoekom kon jy nie?

198 Sê: "My werk."

Bedank dit.

199 "My moeder, sy sal my wegjaag van die huis af."

Baie het alleen gewandel met Christus.

200 "My vader sal dit nie waardeer nie."

201 Jou Hemelse Vader sal jou aanvaar. "Ek sal julle vaders, en moeders gee, en. . ." Ek moes ook my huis verlaat, as gevolg daarvan, maar God het my tienduisende vaders en moeders om die wêreld gegee. Grootste ding wat enige man ooit gedoen het, wanneer hy, of vrou, wanneer hulle van hulle sitplek af kom na 'n altaar van gebed toe. Dis reg.

202 Ek vra julle nie om by 'n kerk aan te sluit nie. Ek vra julle om te kom, Christus te ontvang terwyl Sy Teenwoordigheid hier is. Wat kan Hy nog doen? As Hy die siekes genees het, sou steeds nie so groot soos hierdie wees nie; Hy genees wel die siekes. Hy kon nie in 'n sigbare liggaam verskyn nie, want wanneer Hy dit doen, dan sal daar nie meer tyd wees nie. Maar Hy's hier in Sy Kerk, om julle te wys dat Hy opgestaan het uit die dood, om te probeer om julle te kry om Hom te kom aanvaar as julle herrese Here. Nog een keer nou, terwyl ons sing *O, Hoekom Nie vanaand nie?* Goed.

O, hoekom nie vanaand nie?

203 Kerklidmaat, sondaar, waarom kom jy nie? Onthou: In die Naam van die Here Jesus, bied ek vir julle Christus aan, as ek julle nooit weer sien tot die Oordeel nie, hierdie is julle tyd.

Hoekom dan nie. . .?

204 Wanneer die reënboë deur die lug trek, vure val, die spoetniks klaar hulle bomme laat val het, en die handskrif aan die muur is, tyd nie meer sal wees nie, sal daar nie een breukdeeltjie van 'n sekonde wees wat daar nie sal wees. . .Daar sal miljoene maal miljoene in New England staat wees vanaand wat in die Ewigheid ingetrek sal word sonder 'n kans. Onthou, Hy Wat vanaand spreek, die Gees weet wat waarheid is. Kom.

205 Goed. Terwyl die werkers nou kom en rondom hierdie mense staan nou, neem julle posisies rondom in, diegene wat hier opgelei is om persoonlike werk te doen, neem julle plekke in. Die res van julle wat saam met hulle wil kom, kom nou op hierdie tyd. Diegene wat. . .Het julle 'n—'n kamer daarbinne, iewers waarnatoe julle hulle neem, 'n instruksiekamer? Goed. Net een oomblik dan, hulle kom nou om; ander kom om gered te word. Laat ons ons hoofde buig, oral, terwyl ek wil bid soos ek aangebied het om te bid.

206 Dierbare God, wees hierdie mense genadig, hierdie mag ons laaste ontmoetingstyd wees, Dierbare God, totdat ons U oorkant sien staan. O, as U gaan kom vir U Kerk voor die vernietiging. . . Voordat daar een druppel reën kon val, was Noag en sy groep in die ark, en die Engel van die Here, Wat afgegaan het in Sodom in, Sy boodskap was: "Haas," dit was verlossing en genade.

207 Dieselfde Engel, Wat Sy rug gedraai gehad het na die tent toe, en gesê het: "Waarom het Sara gelag?" O God, mag die mense besef, daardie selfde Engel is hier vanaand wat die geheim van die hart ken, net soos Hy geweet het Sara gelag het agter in die tent.

Sy het gesê: "Ek het nie."

Maar Hy het gesê: "O, ja, jy het." Wat was daardie Engel se boodskap? Net voor die Vuur geval het. Hier is U weer, Here.

208 Ek bid nou, daar's niks meer wat ek kan doen nie. Hulle is die vrugte van die boodskap, U boodskap, hulle is U s'n, hulle het gekom. "Niemand kan na My toe kom," het U gesê: "tensy My Vader hom trek nie." Dan God, moes U hier gewees het om hulle hiernatoe te trek. Baie, baie mense, die altaar is volgepak, en op-en-af in die paadjies. En ek bid tot U, God, dat U hulle hiernatoe gebring het, dat U hulle vir U dierbare Seun sal gee as liefdesgawes. En dan, weet ons dat niemand hulle uit Sy hand kan ruk nie. U het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

209 God, mag hierdie groep honger mense nou in hierdie kamertjie instap hier, en gevul word met die Heilige Gees, want wanneer daar hande op hulle gelê gaan word daarbinne, volgens Apostoliese reëls, mag hulle gevul word met die Heilige Gees, en daardie fontein van hulle hart wat vanaand aangeraak is, en al die ou blikkies en vuilgoed van die wêreld uitgehaal is, 'n nuwe hart gemaak het vir God om te aanbid. Skenk dit, Here. Daardie dors kom nou vir U.

210 Reinig hulle by die altaar, dat wanneer hulle daar instap, hulle gevul mag word met die goedheid van God, en Sy Gees hulle inneem. Skenk dit, Here. Ek gee hulle vir U, in Jesus Christus' Naam.

211 Nou, terwyl julle hier is, werkers hier is, plekke is vir julle om reguit hier in te gaan, sodat ons kan ingaan en saam met julle bid om gevul te word met God se Gees. Gaan nou reguit in, soos julle kom, terwyl ons aanhou sing *O, Hoekom Nie Vanaand Nie?* Weer, die gehoor:

O, hoekom nie vanaand nie?

212 Kom reguit, elkeen van julle, wat nou hierrond staan. Julle wat saam met hulle wil kom en die Heilige Gees ontvang, kom reguit in, gaan reguit in, hierdie is julle uur, julle tyd. Ons gaan reguit in om saam met hulle te bid, gaan reguit in, lê hande op hulle. As God sal gee . . . (Ek het klaar vir hulle gebid.) As God dit hierbuite sal gee, wat sal Hy daarbinne gee?

. . . vanaand? (Kom hier, Eerwaarde.)

O, hoekom (Sal jy die diens neem?) . . . vanaand?

213 Kom reguit in nou, soos ons gaan vir gebed.

58-0512 Lewe
Hoofstad Teater
Everett, Massachusetts V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org